

Mnr. Wally Katzke sit gister in sy hospitaalbed en lees. Sy hartvatomleiding is eergister regstreeks op SABC3 uitgesaai. Foto: SAMANTHA SIMONS

Wally sit weer regop ná TV-hartoperasie

Sy vrou te bang om te kyk; seun was vasgenael

Kyk só na jou hart

Carina van Wyk

Mnr. Wally Katzke (52) het gister reeds in sy hospitaalbed gesit en boek lees, sowat 12 uur nadat sy hartvatomleiding regstreeks op televisie uitgesaai is.

Sowat 2 miljoen Suid-Afrikaners het eergister van 20:00 af op SABC3 gekyk hoe Katzke se borsbeen oopgesaag is, sy hart ophou klop, die hart-long-masjien die funksies van dié organe oorgeneem het, die operasie uitgevoer is en die borsbeen en wond later weer toegewerk is. Sy mammêre slagaar ('n slagaar in die borsholte) is vir die omleiding gebruik.

Katzke het gister vanuit die waakeenheid van die Milpark-hospitaal in Johannesburg gesê dit was vir hom 'n groot skok toe hy hoor hy moet 'n hartvatomleiding ondergaan.

Dié sakeman van Alberton aan die Oos-Rand se arm en skouer het sowat ses weke gelede begin pyn.

Toe fisioterapie nie daarvoor gehelp het nie, het hy sy kardioloog besoek. "Ek het nie in daardie stadium gedink dit (die operasie) sou nodig wees nie."

Hy het nege jaar gelede reeds 'n stent-inplanting gekry, maar nie sy leefstyl verander nie. Hy het op TV erken dat hy te veel gerook en gedrink het en nie gesond geëet het nie.

Katzke het gister gesê hy beplan "om uit (die hospitaal) te kom, gesonder te eet, te leef en te oefen".

"Uiteindelik gaan daar iets goeds van kom," het hy gesê oor sy besluit om in te stem tot die regstreekse TV-uitsending. Hy glo dit sal ander mense waarsku om gesonder te leef.

Mnr. Regardt Katzke (25), Katzke se seun, se oë het nie die TV-skerm vir 'n oomblik verlaat nie. "Ek was *glued*."

Katzke se vrou, Sarie (55), het nie kans gesien om te kyk nie.

Haar broer, mnr. Rikus van Vuuren, was by haar in die hospitaal en het by tye na die uitsending gekyk. "Die oomblik toe die hart op sy eie begin klop, toe sê ek vir haar: 'Dis verby.' "

Dr. Martin Sussman, 'n kardiotoraks-chirurg, het die operasie saam met 'n span kundiges uitgevoer. Dr. Graham Cassel, 'n kardioloog wat as 'n konsultant vir die geselsprogram *3 Talk* opgetree het, het vanuit die ateljee aan kykers verduidelik wat gebeur.

Volgens Cassel was die doelwit van die program, wat die Suid-Afrikaanse Hartstigting se breinkind was, om Suid-Afrikaners op 'n dramatiese wyse van hartsiektes bewus te maak. "Ek glo die program het dit gedoen."

Hy reken mense gaan vandag dokter toe stroom vir mediese ondersoeke en cholesteroltoetse.

Katzke se hartvatomleiding gaan niks beteken as hy nie sy leefstyl verander nie, het Cassel beklemtoon. Volgens hom het Suid-Afrika van die hoogste vlakke van hartsiektes ter wêreld.

Katzke het ook 'n dogter, Yvette (28), skoonseun Johan, en twee kleinkinders, Justin (8) en Megan (5).

Dr. Graham Cassel, die kardioloog wat as konsultant vir *3 Talk* opgetree het, gee die volgende raad:

- Oefen gereeld;
- Beheer jou gewig;
- Moenie rook nie;
- Gaan gereeld vir cholesterol- en bloedsuikertoetse.